Wes-Kaapse Regering

Wes-Kaapse Onderwysdepartement
**Zulpha Jacobs**
Direktoraat: Verkrygingsbestuur
Zulpha.Jacobs@westerncape.gov.za | 021 467 2579

Lêerno.: 6/4/3/1
Verwysing: 20240925-6985

Verkrygingsbestuursminuut: 0002/2024

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Adjunkdirekteure, Kringbestuurders en Amptenare by Hoofkantoor en distrikskantore

**Onderwerp: Verkrygingsproses wat van toepassing is op die hernuwing van kontrakte vir SIM-kaarte en Wi-Fi-toestelle**

1. Die doel van hierdie kennisgewing is om alle amptenare van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement in kennis te stel van die verkrygingsprosesse van Voorsieningskettingbestuur (VKB) wat op die hernuwing van kontrakte vir SIM-kaarte en verwante goedere en dienste van toepassing is.

2. Alle versoeke vir SIM-kaarte en Wi-Fi-toestelle, wat versoeke vir die hernuwing van kontrakte insluit, moet vergesel word van die formele voorlegging van 'n aanvraagvorm (LOG 1) en stawende dokumente. Die vereistes vir verkryging is soos volg:
   (a) 'n Aanvraagvorm (LOG 1), wat die huidige pakket aandui wat deur die diensverskaffer aangebied word – wat deur die Direktoraat: Kennis- en Inligtingsbestuur gefasiliteer word.
   (b) 'n Basiese Rekeningkundige Stelsel- (BRS-) toewysingsvorm (PGWC 002).
   (c) 'n Goedgekeurde aansoek van die Bestuurskomitee vir Inligting- en kommunikasietegnologie (IKT) (ITOPSCOM) vir die tersaaklike kostesentrum/direktoraat.

3. Amptenare wat aansoek doen om die hernuwing van kontrakte vir SIM-kaarte en Wi-Fi-toestelle moet aan die VKB se hernuwingsproses voldoen deur die volgende te doen:
   (a) Verskaf 'n lys name van al die amptenare aan wie SIM-kaarte toegewys is, en verifieer watter SIM-kaarte in aanmerking kom vir die hernuwing van kontrakte.
   (b) Hou omvattende rekords van die name van alle amptenare aan Wi-Fi-toestelle teen die betrokke SIM-kaarte toegewys is om aanspreeklikheid binne die onderskeie direktorate te verseker.
   (c) Indien 'n SIM-kaart binne 'n direktoraat verlore raak, moet dit gekanselleer word en vorms vir verliesbeheer moet vir verslagdoeningsdoeleindes ingedien word.

(d) Amptenare wat in aanmerking kom en wie se name op die lys vir kontrakhernuwings verskyn, moet hul ou Wi-Fi-toestelle inhandig, insluitend die ou SIM-kaarte, voordat hulle nuwe toestelle en SIM-kaarte sal ontvang.

4. Alle amptenare moet aan die bepalings van hierdie kennisgewing voldoen om die misbruik van staatseiendom te vermy.

5. Verantwoordelikheidsbestuurders moet verliesbeheer doeltreffend binne hul onderskeie eenhede bestuur om toe te sien dat amptenare aanspreeklik gehou word vir verliese.

6. Die bogenoemde bepalings is ingevolge die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet 1 van 1999), afdwingbaar in soverre dit voorsiening maak vir maatreëls en beheermaatreëls wat gevolg moet word wanneer sodanige verliese hanteer moet word.

7. Indien 'n SIM-kaart of Wi-Fi-toestel verlore raak of gesteel word, moet die amptenaar 'n vervanging versoek deur 'n WKOD 28-vorm, WKOD 030-vorm en 'n aanvraagvorm (LOG 1) in te vul, asook 'n ITOPSCOM-aansoek vir verslagdoening oor verliesbeheer.

8. Bring asseblief die inhoud van hierdie kennisgewing onder die aandag van alle betrokke amptenare.

**GETEKEN:** LJ ELY
**ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KORPORATIEWE DIENSTE**
**DATUM:** 2024-12-13